# 4. DIE SWART BEWUSSYNSBEWEGING

*Dr. C. Venter*
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit Stellenbosch*

Kopiereg voorbehou

## 4.1 Ontstaan

Die verbanning van die ANC en die PAC in 1960 en die gevangeneming van die belangrikste swart politieke leiers soos Nelson Mandela in 1962, het die swart politiek ontwrig. Die swartes is vir bykans 'n dekade sonder politieke organisasies en leiers gelaat totdat Steve Biko in die begin van die sewentigerjare op die voorgrond getree het. Die idees wat hy verkondig het, het uiteindelik tot die totstandkoming van die Swart Bewussynsbeweging aanleiding gegee.

Om na 1960 'n politieke uitlaatklep te vind, het swart studente begin saamwerk met die *National Union of South African Students* (NUSAS). NUSAS was 'n nie-rassige studente-organisasie aan Engelstalige universiteite wat as 'n sambreelorganisasie opgetree het om alle Suid-Afrikaanse studente byeen te bring. NUSAS was 'n oorwegend blanke organisasie en teen 1967 was swart studente ontnugter met die organisasie se leierskap. Daarvoor was daar verskeie redes. Swart studente het begin voel dat die blanke studenteleiers niks daadwerklik gedoen het om hul posisie te verbeter nie. Die leiers kon volgens die swart studente nie werklik hul saak bevorder nie omdat hulle nie onderdruk is nie. Daarbenewens het die aantal studente op swart kampusse sedert 1960 vervierdubbel en die algemene gevoel was dat Nusas se oorheersend blanke leierskap nie die spesifieke belange van die meerderheid swart studente weerspieël nie. NUSAS is ook vanaf 1967 op swart kampusse verbied en swart-, Kleurling- en Indiërstudente kon nie lid van die organisasie word nie. Dit het die verhoudinge verder vertroebel.

Bantu Stephen Biko was 'n groot kritikus van die blanke leierskorps van NUSAS en die organisasie se kunsmatige pogings tot integrasie tussen blank en swart. Biko se lewendige belangstelling in die Suid-Afrikaanse politiek en sy wantroue in die blanke is versterk toe sy ouer broer, as gevolg van sy betrokkenheid by die verbode PAC, vir nege maande sonder verhoor aangehou is. Alhoewel hy self nie betrokke was nie, is Biko as gevolg van sy broer se optrede uit die hoërskool te Lovedale geskors. Nadat hy in 1965 aan die St Francis College te Mariannhill naby Durban gematrikuleer het, het hy sy mediese studies aan Wentworth, die mediese fakulteit vir swart-, Kleurling- en Indiërstudente aan die Universiteit van Natal voortgesit. As lid van die studenteraad het hy in Julie 1967 'n NUSAS-kongres bygewoon. Sy ervaring tydens die kongres, toe swart studente afsonderlik van blankes en ver van die kongressentrum verwyder gehuisves is, het hom daarvan oortuig dat swart studente nooit tuis sou voel as lede van NUSAS nie.

Omdat swart studente nie lede van NUSAS kon word nie, kon Biko hulle maklik oortuig van die noodsaaklikheid van 'n afsonderlike studente-organisasie vir swart studente. Gevolglik is die *South African Students' Organization* (SASO) in Julie 1969 tydens 'n konferensie by die Universiteit van die Noorde gestig. Biko is verkies tot eerste president, maar 'n jaar later is hy opgevolg deur Barney Pityana. As redakteur van die *Saso Newsletter* het Biko steeds 'n leiersrol binne Saso vervul.

In 'n reeks artikels onder die opskrif "I write what I like" het hy sy standpunte bekend gestel. Hierdie standpunte het die basis van die Swart Bewussynsbeweging gevorm en sou binne 'n paar jaar 'n nuwe gees van weerstand onder swartes laat ontvlam. Die ideologie van die Swart Bewussynsbeweging kan in drie punte saamgevat word. In die eerste plek moes swartes gehelp word om ontslae te raak van hul onderdanige houding en minderwaardigheid teenoor die blanke. Hulle moes ook geleer word om hulleself kragdadiger in die samelewing te laat geld en 'n groter selfvertroue aan te kweek. Om dit te vermag moes die swartes 'n trots in hul eie kultuur, geskiedenis en prestasies ontwikkel.

In die tweede plek het die Swart Bewussynsbeweging verklaar dat swartes alle bande met blankes moes verbreek. Biko het dit duidelik gestel dat hy nie in gesprekvoering of kontak met blankes - nie eers met liberaalgesinde blankes wat simpatiek was teenoor swartes nie - belang gestel het nie. Biko was gekant

liberaalgesinde blankes wat simpatiek was teenoor swartes nie - belang gestel het nie. Biko was gekant teen integrasie as dit sou beteken dat swartes in 'n blanke gemeenskap opgeneem sou word en blanke waardesisteme sou moes aanvaar. Die omgekeerde sou egter vir hom aanvaarbaar wees.

Ten opsigte van bogenoemde standpunte is kers opgesteek by Swart Amerikaners en hul Swart Bewussynsbeweging, asook Afrika-leiers. Gevolglik het slagspreuke soos "Black man, you are on your own", "Black power" en "Black is beautiful" deel van Swart Bewussyn se woordeskat geword.

In die derde plek het Biko die standpunt gehuldig dat die woord nieblanke vervang moes word met die Engelse woord *black*, aangesien die onderdrukte groepe, dit wil sê die swartes (Africans), Kleurlinge en Indiërs, daardeur makliker 'n eenheidsgevoel teen die blankes sou ontwikkel. Aangesien 'n groot aantal Kleurlinge en Indiërs hulle self nie as *blacks* beskou het nie, het die gebruik van die woord *black* as plaasvervanger van nieblanke nooit werklik posgevat nie.

### 4.2 Reaksie en regeringsoptrede

Biko se anti-blanke standpunte, wat 'n vorm van rassisme was, het die blanke liberale groepe hewig ontstel. SASO, daarenteen, het hom met die ideologie van Swart Bewussyn vereenselwig. Swart Bewussyn is as 'n lewenswyse gesien gebaseer op die uitgangspunt dat swartes alle waardesisteme wat hul menswaardigheid aantas en hulle tot vreemdelinge in hul geboorteland verlaag het, moes verwerp. Swartes moes bewus word van hul mag as groep - 'n mag wat slegs bevorder kon word deur 'n totale eenheid onder alle swartes. SASO het dit dus as sy taak gesien om die boodskap van Swart Bewussyn by die swart gemeenskap tuis te bring.

SASO het die idees van Biko en die Swart Bewussynsbeweging onder volwassenes en kinders versprei. In Julie 1972 is die *Black People's Convention* (BPC) as 'n organisasie vir volwasse volgelinge van die Swart Bewussynsbeweging gestig. Die volgende jaar is die *South African Students Movement* (SASM) tot stand gebring om die ideologie van Swart Bewussyn onder die skoolgaande jeug te versprei. 'n Gees van weerstand teen die Nasionale Party-regering is in al hierdie organisasies aangestig.

Die regering het aanvanklik nie die gevaar wat die Swart Bewussynsbeweging vir blanke oppergesag ingehou het, besef nie. Toe daar in Februarie 1973 'n reeks stakings in Durban plaasgevind het waarmee die Swart Bewussynsbeweging verbind is, het die regering opgetree. Biko en agt ander leiers van SASO en BPC is vir vyf jaar ingeperk en is verbied om politieke vergaderings by te woon, om enige werke te publiseer of om met die pers te skakel.

In September 1974 het SASO- en BPC-leiers hul volgelinge aangemoedig om *Viva Frelimo* byeenkomste te reël om Frelimo se bewindsoorname in Mosambiek te vier. Die regering het hierdie byeenkomste verbied, maar in Durban en by Turfloop het wel vergaderings plaasgevind. Die polisie het beide vergaderings opgebreek.

Teen Maart 1975 was ongeveer 50 prominente lede van SASO en die BPC in aanhouding terwyl 'n aantal die land uitgevlug het. Dieselfde jaar het die verhoor van nege SASO-BPC-lede begin op aanklag dat hulle rassehaat aangeblaas het en die regering deur middel van 'n rewolusie omver wou werp. Na 'n verhoor van bykans twee jaar is hulle skuldig bevind en na Robbeneiland vir aanhouding gestuur.

Terwyl die verhoor aan die gang was, het die Soweto-opstand in Junie 1976 uitgebreek. Dit was duidelik dat die Swart Bewussynsbeweging die klimaat vir die opstande voorberei het. Die regering het ingegryp en 15 prominente lede gevange geneem. In September 1977 het Steve Biko in aanhouding gesterf en in die daaropvolgende maande is SASO, die BPC, SASM en ander organisasies verbied.

Teen die einde van 1977 was die Swart Bewussynsbeweging se mag gebreek, maar die ideologie het bly voortbestaan. In April 1978 het 'n nuwe Swart Bewussynsorganisasie *Azanian Peoples Organisation* (AZAPO) tot stand gekom. AZAPO kon egter nooit dieselfde steun onder swartes verkry as SASO, die BPC en die SASM nie. In werklikheid het daar 'n beweging weg van die Swart Bewussynsideologie na die ANC ideologie met die klem op 'n "nie-rassige" gemeenskap plaasgevind.

## 5. DIE SOWETO-ONLUSTE, JUNIE 1976

Op 16 Junie 1976 het grootskaalse onluste in Soweto uitgebreek. Die verlies aan menselewens en eiendomme wat met die onluste gepaard gegaan het, het dit die ernstigste onluste tot op daardie stadium in Suid-Afrika gemaak.

### 5.1 Oorsake

Daar kan drie hoof-oorsake vir die opstand geïdentifiseer word. Gedurende die eerste helfte van 1976 het dit duidelik geword dat daar groot ontevredenheid onder leerlinge, onderwysers en ouers bestaan het oor die bepaling dat leerlinge onderrig in

die helfte van hul vakke deur medium van Afrikaans sou ontvang. Daar was verskeie besware teen die gebruik van Afrikaans: weinig onderwysers was gekwalifiseer om in Afrikaans te onderrig, vaardigheid in Engels is algemeen gesien as 'n voorvereiste vir klerklike poste en Afrikaans was om ideologiese redes onaanvaarbaar.

Die regering se onverskilligheid ten opsigte van die swartes se ontevredenheid het ook bygedra tot die uitbarsting van 16 Junie. Ten spyte daarvan dat die plofbare situasie wat in Soweto aan die ontwikkel was by verskeie geleenthede onder die aandag van dr. A.P. Treurnicht, die Adjunk-Minister van Bantoe-onderwys, gebring is, het hy verklaar dat daar nie rede tot kommer was nie. Dit wil voorkom asof die Departement van Bantoe-onderwys nie ten volle ingelig was oor gebeure in Soweto nie.

Hoewel die swartes se ontevredenheid oor Afrikaans as voertaal en die regering se onverskillige houding oor hierdie ontevredenheid die onmiddellike oorsake vir die Soweto-onluste was, was daar ook 'n dieperliggende oorsaak. Swartes was ontevrede oor hulle politieke magteloosheid, ekonomiese agterlikheid en sosiale onsekerheid.

Teen 1976 het Suid-Afrika se ekonomie 'n negatiewe groeikoers vertoon, onder andere as gevolg van 'n skerp daling in die goudprys. Die klimaat van onsekerheid wat daardeur geskep is, is vererger deur eksterne faktore. Die styging in die olieprys in 1973 het die belangrikheid van olieproduserende Afrikalande as handelsvennote van Westerse geïndustrialiseerde state verhoog en Suid-Afrika se belangrikheid in dié verband dienooreenkomstig verlaag. Verder het die onafhanklikheidswording van Mosambiek en Angola in 1975 die revolusionêre klimaat in Suid-Afrika verhoog.

Die ekonomiese agteruitgang wat Suid-Afrika in die middel-sewentigerjare beleef het, het die swart stedelike bevolking swaar getref en hul ontevredenheid vergroot. Tydens die voorafgaande jare van ekonomiese groei het swart verstedeliking drasties toegeneem. Die resessie wat daarna ingetree het, het die lewenskoste van die verstedelikte swarte verhoog, werkloosheid het toegeneem en behuising was heeltemal onvoldoende. Hierdie faktore het meegewerk tot 'n verhoogde misdaadsyfer wat die spanning in Soweto verder verhoog het.

Hierdie geweldige toename in die swart stedelike bevolking het 'n diepgaande invloed op die onderwysstelsel uitgeoefen. Die swart skoolgaande bevolking het gedurende die tydperk 1970 tot 1975 landswyd met 160 persent vermeerder met die grootste konsentrasie in die stedelike skole. In sommige skole was daar meer as sewentig leerlinge per klaskamer. As gevolg van hierdie oorvol skole en toenemende swak vooruitsigte op werksgeleenthede, het die swart leerlinge se woede toegeneem teenoor die blankes wat as die onderdrukkers gesien is, én teenoor hul ouers wat niks gedoen het om hulle situasie te verbeter nie.



**Soweto, 16 Junie 1976**

Hierdie sosio-ekonomiese en politieke situasie in Soweto het 'n vrugbare teelaarde geskep vir die Swart Bewussynsideologie. Skrywers is dit in die algemeen eens dat die Swart Bewussynsbeweging 'n besliste invloed op die leerlinge wat aan die onluste deelgeneem het, uitgeoefen het.

## 5.2 Verloop van die onluste

Op 16 Junie 1976 het ongeveer 10 000 skoolkinders aan 'n optog in Soweto deelgeneem uit protes teen die aandrang van die onderwysowerhede dat hulle sommige van hulle vakke deur medium Afrikaans moet neem. Toe die polisie traangas tussen hulle ingooi met die doel om hulle uitmekaar te jaag, het hulle die polisie met klippe gegooi. Die polisie het begin skiet en minstens een leerling doodgeskiet. Dit was die vonk in die kruitvat en chaos het losgebars.

Die Soweto-onluste wat hieruit voortgevloei het, kan in drie fases ingedeel word. Die eerste fase (Junie-Augustus 1976) is gekenmerk deur skoolboikotte, afbranding van skole, die sluiting van skole en plundering. Die tweede fase vanaf ongeveer Augustus 1976 het 'n reeks stakings behels wat deur die *Soweto Students Representative Council* (SSRC) afgekondig is. Die doel met hierdie stakings was om

die chaos so lank as moontlik te laat voortduur om die blanke regering sodoende tot toegewings te dwing. Tydens hierdie fase het die onluste ook landwyd uitgekring. Die derde, meer introspektiewe fase, het gevolg waartydens veldtogte teen shebeens, alkohol en Kersfeesvieringe geloods is. Dit was eers teen die einde van 1977, agtien maande na die uitbreek van die onluste in Soweto, dat toestande weer na normaal teruggekeer het. Die totale getal mense wat in die onluste gedood is, beloop oor die 600.

### 5.3 Gevolge

Een van die gevolge van die Soweto-onluste was dat die swartes se versoek dat geen onderrig deur medium van Afrikaans moet geskied nie, toegestaan is. Op 6 Julie 1976, sowat drie weke ná die uitbreek van die onluste, het die Minister van Bantoe Onderwys, M.C. Botha, aangekondig dat die hoofde van swart skole voortaan self kon besluit of hulle Afrikaans of Engels as medium van onderrig verkies. Vir baie skoolkinders het dit egter te laat gekom aangesien hulle skoolloopbane onherstelbaar ontwrig is deur die onluste. 'n Traak-my-nie-agtige houding het by baie swart jeugdiges t.o.v. onderwys posgevat - 'n houding wat nie saam met die onluste verdwyn het nie.

Nog 'n gevolg van die Soweto-opstande was dat die regering 'n kommissie van ondersoek na die aangeleentheid aangestel het. 'n Derde gevolg was dat daar aan die 1,25 miljoen inwoners van Soweto 'n groter mate van selfbestuur toegeken is as wat hulle voorheen gehad het. In Oktober 1976 het minister MC Botha aangekondig dat gemeenskapsrade vir die stedelike swartes ingestel gaan word, en tydens die volgende parlementsitting is die **Wet op Gemeenskapsrade** dan ook op die wetboek geplaas. Die rade het ietwat meer magte en verantwoordelikhede as die ou stedelike Bantoerade gekry, maar nog veel minder magte en verantwoordelikhede as die stadsraad van 'n blanke dorp besit. Die swartes van Soweto was allesbehalwe entoesiasties oor die nuwe bedeling.

Polisie-optrede teen opstandiges het tot 'n korttermyn verslegting in tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika gelei, wat met bitterheid en haat gepaard gegaan het. Alle organisasies wat swart middelklas politieke aspirasies verteenwoordig het, is verban en Steve Biko het in aanhouding gesterf. Op die langtermyn het dit egter tog ook "voordele" vir die swart gemeenskap ingehou. Baie blankes het vir die eerste keer bewus geraak van swart griewe en aspirasies. Die meerderheid blankes het meer toeganklik geword t.o.v. swartes en hul posisie.

Die verandering in houding by die belangrikste werkgewers was veral betekenisvol. Die Stedelike Stigting is in November 1976 deur privaat ondernemings gestig. Die Stigting se doel was om die lewensstandaard van stedelike swartes te verbeter en 'n meer regverdige gemeenskap totstand te bring. Die verandering in blanke houdings was ook waarneembaar in ander sfere soos die media, kerke en die politiek.

Nuwe behuisingskemas is van stapel gestuur en swart privaat huiseienaarskap is weer in stedelike gebiede toegelaat terwyl begin is met die elektrifisering van Soweto. Handelsbeperkinge in stedelike swart gebiede is oor die algemeen aangepas tot voordeel van swartes. Deur die verwydering van 'n aantal griewe is die spanning in tussengroepverhoudings in Suid-Afrika ietwat verlig.

Die aktivisme van die swart jeug en hul bewese vermoë om politieke veldtogte te loods het ook magsverhoudinge binne die swart gemeenskap beïnvloed. Binne die familiestruktuur is die verpolitiseerde swart jeug deur die ouer garde gevrees. Die inisiatief vir politieke optrede sou in die toekoms dikwels van die jeug na die ouer garde vloei en nie omgekeerd nie.

Die gevoel van magteloosheid wat swartes ervaar het wanneer hulle die mag van die staat gekonfronteer het, is ook geaffekteer. Hierin lê dan ook die belangrikste gevolg van die Soweto-onluste, nl. die stimulering wat dit aan weerstandspolitiek verskaf het en die talle nuwe organisasies wat gestig is om daaraan uitdrukking te gee. Laasgenoemde proses van organisasiestigting wat in die swart gemeenskap aan die gang gesit is, het gelei tot groepe soos die *Teachers Action Committee*, die *Black Parents Association*, die *Azanian Peoples' Organization* en in Soweto dr. Ntato Motlana se Komitee van Tien en die *Soweto Action Committee*.

Vir die verbanne politieke organisasies soos die ANC en die PAC was die Soweto-onluste geweldig bemoedigend. Uiteindelik was daar tekens van 'n ware krisis in die land wat hulle tot hulle voordeel kon gebruik. Daarom wou die organisasies kontak met die opstandige leerlinge bewerkstellig en hulle as lede vir die organisasies werf. Die swart jeug het op daardie stadium oor weinig kennis van die PAC of the ANC beskik en hulle lojaliteit was aan die Swart Bewussynsbeweging.

Die ANC, anders as die PAC wat op daardie tydstip deur 'n magstryd verdeel is, was goed georganiseer. Offisiere van *Umkhonto we Sizwe* het vanuit Lesotho, Botswana en Swaziland kontak met die opstandige jeug gemaak en hulle aangemoedig om die land te

verlaat en by die ANC aan te sluit. Teen die begin van 1977 het reeds 4 000 mans en vrouens die land verlaat en hulle by die ANC aangesluit. Baie van hierdie vlugtelinge het uiteindelik guerilla-opleiding in Angola, Mosambiek, Libië en Tanzanië ontvang.

16 Junie 1976 het een van die belangrikste datums in die ontwikkeling van swart nasionalisme/swart protespolitiek in Suid-Afrika geword. Dit was die skeidingsdatum tussen "Suid-Afrika voor Soweto" en "Suid-Afrika na Soweto". Die selfvoldaanheid waarmee die deursnee blanke rasseverhoudinge beskou het, het plek gemaak vir besorgdheid. Die magteloosheid waarmee swartes hul minderwaardige posisie t.o.v. blankes beskou het, het plek gemaak vir selfvertroue en 'n vasberadenheid om laasgenoemde se oorheersing te beëindig.

**LITERATUURLYS**


Barber, J. en J. Barratt: *South Africa's Foreign Policy*. The search for status and security 1945-1988. Southern Book Publishers, Johannesburg, 1990.

Booyse, W.J.: Die Pan African Congress - 'n Historiese oorsig. (*Oënskou*, November 1986).

Du Pisani, J.A.: Negotiating a democratic South Africa: Bilateral and multiparty negotiations, June 1992 to December 1993. Journal for Contemporary History, vol 19 nr 2, September 1994, pp. 28-81.

Grobler, J.: A decisive clash? *A short history of Black protest politics in South Africa 1875-1976*. Acacia, Pretoria, 1988.

Kane-Berman, J.: South Africa's silent revolution. South African Institute of Race Relations, Johannesburg, 1990.

Liebenberg, B.J. en S.B. Spies (eds.): *South Africa in the 20th Century*. J.L. van Schaik, Pretoria, 1993.

Liebenberg, Ian (et al): The Long March. The story of the struggle for liberation in South Africa. HAUM, Pretoria, 1994.

Lodge, T.: *Black Politics in South Africa since 1945*. Harlow, Johannesburg, 1983.

Marais, A.H.: Negotiations for a democratic South Africa. Journal for Contemporary History, vol 19 nr 2, September 1994, pp. 1-27.

Muller, C.F.J. (red.): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Academica, Pretoria, 1980.

Worden, N.: *The Making of Modern South Africa*. Blackwell, Oxford, 1994.


**Bronne wat primêre materiaal i.v.m. weerstandsgeskiedenis bevat**


First, R. (ed.): *No Easy Walk to Freedom: Articles, Speeches and Trial Addresses of Nelson Mandela*. Heineman, London, 1965.

Johns, S. and R.H. Davis (eds): *Mandela, Tambo and the African National Congress*. Oxford University Press, New York, 1991.

Karis, T. and G.M. Carter: *From Protest to Challenge. A documentary history of African politics in South Africa 1882-1864* vol. I-IV. Hoover Institution Press, Stanford, 1977.

Mandela, N.: *The Struggle is My Life*. International Defence and Aid Fund, London, 1978 and 1986, 1990.

McCartan, G. (ed.): *Mandela Speeches 1990 - Intensify the struggle to abolish apartheid*. Path Finder Press, New York, 1990.

Tambo, A. (comp.): *Preparing for Power. Oliver Tambo Speaks*. Heinemann Educational, London, 1987.

## TOETS JOU VAARDIGHEDE

1. Skryf 'n denkbeeldige dialoog tussen 'n ondersteuner van veelrassigheid of nie-rassigheid, en 'n lid van die Swart Bewussynsbeweging waarin die een die ander van sy standpunt probeer oortuig. (20)

2. Dink jy die slagspreuke is belangrik? Ontwerp twee slagspreuke elk vir die Nasionale Party, die ANC, die PAC en SASO in 1976. (10)

3. Jy is 'n matriekleerling in 'n Soweto hoërskool in Junie 1976. Jou vriende dring by jou daarop aan dat jy aan die protesoptogte en die onluste moet deelneem. Jy is bekommerd oor jou studies, jou loopbaan, jou ouers en jou skool. Wat sal jy doen? Motiveer jou antwoord. (10)

4. Jy is 'n lid van die polisiemag wat deur duisende woedende skoolkinders met klippe bestook word. Wat sal jou gedagtes op daardie oomblik wees? (10)

[50]

**LEES JULLE ANTWOORDE VOOR EN BESPREEK DIT.**